

Veelkeusige vrae

(Nie vir eksamen doeleindes nie. Dit is net om jou kennis te toets)

- In 'n driefase delta verbindingstelsel word die verhoudings tussen lyn en fase waardes van V en I gegee deur:
(a) $V_L = V_F$ en $I_L = \sqrt{3} I_F$ (b) $V_L = \sqrt{3} V_F$ en $I_L = I_F$
(c) $V_L = V_F$ en $I_L = I_F/\sqrt{3}$ (d) $V_L = V_F/\sqrt{3}$ en $I_L = I_F$
- Die fasestroom van 'n ten volle belaste 36 kVA, 415/240, driefase transformator is ____ A:
(a) 300 (b) 175 (c) 50 (d) 75
- Wanneer tien enkelfase 240 V, 5000 W kantoormasjiene aan dieselfde transformator gekonnekteer is, is die totale stroom wanneer al die masjiene tegelyk werk, gelyk aan ____ A:
(a) 120 (b) 208 (c) 240 (d) 416
- 'n Driefase, delta-ster transformator het 'n 480 V primêr en 'n 278 V sekondêr, die lynstroom van die sekondêr is 120 A. Die primêre lynstroom is ____ A:
(a) 480 (b) 208 (c) 70 (d) 30
- Die lynspannings van 'n driefase, delta-delta transformator stelsel met 'n sekondêre 240 V is ____ V:
(a) 120 (b) 190 (c) 208 (d) 240
- As al die laste van 'n driefase 6600/415/240 V transformator enkelfase 240 V is, het die grootte van die neutrale lyn van 'n 28 kVA transformator 'n stroomaanslag van ____ A:
(a) 24 (b) 67 (c) 75 (d) 100
- Indien 'n driefase wattmeter 'n lesing van 12,960 kW toon op 'n driefase 415/240 V stelsel en elk van die drie ammeters lees 18 A, is die drywingsfaktor ____: (Definisie van drywingsfaktor)
(a) 1 (b) 0,96 (c) 0,62 (d) nie een van hierdie nie
- Met 'n driefase, delta-delta transformator is die primêre spanning 480 V en die sekondêre spanning is 240 V, is die transformasieverhouding van die ____:
(a) 2 to 1 (b) 4 to 1 (c) 1 to 4 (d) 1 to 2

Veelkeusige vrae:

- | | | | |
|----|-----|----|-----|
| 1. | (a) | 5. | (d) |
| 2. | (c) | 6. | (b) |
| 3. | (b) | 7. | (a) |
| 4. | (c) | 8. | (a) |